

**Sondag 26 November**

**Skrifgedeelte: Markus 4:1-8, 13-20 (1933/53-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Markus 4:3**

### **Hoe lyk jou hart?**

Jesus bring fisies en geestelik skeiding wanneer Hy in 'n skuit klim. *Fisies*, want die skare wat Hom verdring en vanweë sy gene-sings nie bereid was om te luister nie, word op 'n afstand gedwing. *Geestelik*, deur met hulle in gelykenisse te praat. Nie almal wat luister, hoor nie. Dié afstand moet die hoorders self oorbrug. Nie alleen moes hulle hulle ore spits om Hom te hoor nie, ook hulle verstand en hart moet ingespan word om die beelde te verstaan.

Vir die genesing-honger skare is die boodskap daarom: Luister! Luister het prioriteit by Jesus. Hy stel Homself aan hulle bekend as die Saaier, terwyl hulle Hom wil hê as Geneser. Deur die gelykenis moet hulle losgeskud word uit hulle gesindheid van eie voordeel soek en verstaan dat hulle die oes moet lewer.

Daar is talle bedreiginge vir die saad:

- Satan;
- verdrukking en vervolging;
- sorg van die lewe;
- die bedrieglikheid van rykdom;
- begeerte na allerlei dinge.

Ten spyte van alles is die saad egter goed, want die oomblik as dit grondvat in goeie grond, dra dit oorvloedig vrug.

Vanweë die bedreiginge vra die saad daarom na goeie grond, en as daar maar by ons ontvanklikheid is, wat deur die Gees bewerk word, dan groei dit kragtig en dit dra oorvloedig vrug.

Waarvan loop jou hart oor? Die wêreld, of die Gees?

*Sing: Psalm 95:4, 5, 6 (1936)*

*Ds. BC (Ben) Smit (Pretoria-Meintjeskop)*